SKOOLGELD : 2022

'n Deposito van R1 450 per leerling is betaalbaar. Hierdie bedrag is verpligtend en moet deur almal betaal word op die dag wat die skool heropen, of wanneer nuwe leerlinge ingeskryf word. Die bedrag kan ook aan die begin van Desember 2021 betaal word wanneer rapporte afgehaal word tussen 8:00 en 9:00 – boeke vir 2022 sal dan beskikbaar wees indien bewys getoon kan word van betaling.

SKOOLGELD VIR 2022 BELOOP AS VOLG:
R13 800- per leerling per jaar. U kan die volgende betalingsopsies kies:

Opsie 1: R1 450 deposito + R1 280 - p/leerling, per maand (OOR 10 MAANDE)

OF **Opsie 2:** R3 562,50 - per leerling, per kwartaal (4 kwartale)

OF **Opsie 3:** R14 250 - per leerling, per jaar

Korting vir die JAAR vooruitbetaal VOOR/OP 31 Januarie 2022 : R700 per leerling.

OF

Korting van R650 INDIEN 'n bewys van getekende debietorder by die skool ingedien word.

Aansoekvorms met betrekking tot finansiële bystand is beskikbaar vir leerlinge binne die Mafube-distrik. Die feit dat 'n aansoek ingedien is, impliseer nie dat die aansoek suksesvol sal wees nie en bly dit die verantwoordelikheid van die ouer om die voorgeskrewe skoolgelde stiptelik te betaal.

KOSHUISGELD: Per kwartaal: R4 200 per leerling - vooruitbetaalbaar.

Bogenoemde sluit uit sosiale funksies, bv.: Wilgiedans, Matriekafskeid, Koshuis "socials", sokkies, kampe, toere en ander aktiwiteite soos skoolfoto's, jaarblaaie, deelname aan olimpiades, ens.

Betalings kan direk in die skool se bankrekening gedoen word.
Die bankbesonderhede VIR DIE SKOOL is as volg:

Hoërskool Wilgerivier
ABSA Tjekrekening, Rekeningnommer: 1900 330 169
Frankforttak, takkode: 334533
Verwysing: Rekeningnommer aan u toegeken deur skool

Gelde is betaalbaar aan die begin van elke kwartaal of jaarliks vooruitbetaalbaar. Indien dit nie moontlik is nie, kan ouers skiftelik reëlings tref vir betaling. Vir direkte inbetaling van koshuisgelde:

Eeufees Meisieskoshuis
Eeufees Bedryfsrekening
ABSA Tjekrekening
Rekeningnr.: 1900 142 796
Verwysing: Kind se naam & van

Wilgehof Seunskoshuis
Wilgehof Bedryfsrekening
ABSA Tjekrekening
Rekeningnr.: 1900 142 788
Verwysing: Kind se naam & van

BUSGELD (2022): Busroetes is beskikbaar na Balfour / Grootvlei en Villiers teen R550 - per maand / R1 500 - per kwartaal. Kaartjies moet maandeliks VOORUIT gekoop word by die skoolkantoor (me. Elize Ferreira).